## Die skryf van verhale en biografieë met die aanleer van Engelse taalleer: die geval van Hifikepunye Pohamba Kampus

---


Taal onderwysstudente wat beplan om in Engels klas te gee direk na vier jaar se opleiding kan dikwels nie Engels vlot en akkuraat praat nie. Hulle is ook soms onervare en het nie die nodige kundigheid om in die taal onderrig te gee nie. Daarom het hierdie studie probeer uitvind of skryfwerk wat uitdrukkingsvol en verhalend is finale jaar B.Ed Honneurs studente se vaardigheid in Engels en hulle inhoudelike kennis van Engels kan verbeter. Verder wou die navorsing kyk na die ontwikkeling van die studente-onderwysers se vermoë om oor hulle eie ontwikkeling te besin. Gevolglik het die studie die Namibiese taalbeleid krities hersien om uit te vind hoe dit die resultate van hierdie studie kan inlig.

Deur uitdrukkingsvolle skryfwerk soos biografieë, dagboeke en verhale het ek bevind dat alhoewel sommige van die deelnemers vaardig was in Engels, 'n mate van verbetering of agteruitgang voorgekom het as gevolg van tydsbeperkings, limiete op navorsingsinstrumente en die impak van 'n eentalige taalbeleid wat blootstelling tans baie beperk.

Hierdie studie stem ooreen met die uitslae van soortgelyke navorsing wat bevind het dat die verbetering van taalvaardigheid nie teen dieselfde pas vir elkeen plaasvind nie; baie faktore dra by tot verbetering, al dan nie. Daar is ook bevind dat die deelnemers bewus is van 'n aansienlike toename in hulle vaardigheid en kennis van Engels.

Die studie se bydrae is om te wys hoe 'n verhalende ondersoekteorie twee doele kan dien: as 'n doelmatige benadering sowel as 'n manier om data te versamel. Verder wys dit die belangrikheid van om bewus te wees dat studente-onderwysers kennis van die inhoud van die vak gaan benodig wanneer hulle opleiding voltooi is.

Laastens maak hierdie studie 'n konseptuele bydrae (selfverwesenliking en die ontwikkeling van twee vaardighede) wat toon hoe onderwysstudente se taalvermoë en kennis deur hul wilskrag gemotiveer word, ten spyte van baie uitdagings in hulle leersituasies.


---


Dr Meameno Aileen Shiweda

Promotor: Prof Christa van der Walt